Die aanbevole dosering is 400 mg aanvanklik, gevolg deur 'n addisionele 200 mg dosering indien nodig op die eerste dag. Op die daaropvolgende dae is die aanbevole dosering 200 mg twee keer per dag.
Ankiloserende spondilitis
Die aanbevole daaglike dosering is 200 mg, geneem as 'n enkel dosis of as 100 mg twee keer per dag. Sommige pasiënte kan voordeel trek uit 'n totale daaglikse dosering van 400 mg.
Spesiale bevolkings
Hepatiese inkorting
Geen doseringsaanpassing is nodig by pasiënte met ligte hepatiese inkorting nie. Begin met **INNOFLAM** teen die laagste aanbevole dosering by pasiënte met matige hepatiese inkorting. Daar is geen kliniese ondervinding by pasiënte met ernstige hepatiese inkorting nie. (Sien afdelings 4.3 en 5.2).
Renale inkorting
Geen doseringsaanpassing is nodig by pasiënte met ligte of matige nierinkorting nie. Daar is geen kliniese ondervinding by pasiënte met ernstige nierinkorting nie. (Sien afdelings 4.3 en 5.2).
Bejaardes
Geen doseringsaanpassing is nodig nie. By bejaarde pasiënte met 'n liggaamsmassa van 50 kg of minder, word dit egter aanbeveel om terapie te begin teen die laagste aanbevole dosering.
Kinders
Omdat geen data beskikbaar is nie, word **INNOFLAM** nie aanbeveel by persone van jonger as 18 jaar nie.
Metode van toediening
Orale gebruik. **INNOFLAM** moet heel ingesluk word met 'n glas water, met of sonder voedsel.

4.3 Kontra-indikasies:
- Hipersensitiwiteit vir selekoksib, of enige ander eksipiënte van **INNOFLAM** (sien afdeling 6.1).
- Bekende hipersensitiwiteit tot sulfonamiede.
- Ernstige hepatiese inkorting (serum-albumien < 25 g/L van Child-Pugh telling > 10).
- Ernstig renale inkorting met beraamde kreatinienopruiming < 30 mL/min.
- Asma, urtikarie, of allergiese-tipe reaksies gepresipiteer deur aspirien of nie-steroïed anti-inflammatoriese middels (NSAIMs), insluitend ander siklo-oksigenase-2 (COX-2) spesifieke inhibeerders.
- Vasgestelde isgemiese hartsiekte en/of serebrovaskulêre siekte (beroerte) en perifêre ateriële siekte.
- Peri-operatiewe analgesie teen die agtergrond van koronêre arteriële deurgang sjirurgie (CABG).
- Aktiewe peptiese ulserasie of gastroïntestinale (GI) bloeding.
- Inflammatoriese ingewandsiekte.
- Gedurende swangerskap en by vrouens van kinderbarende potensiaal, tensy 'n effektiewe metode van kontrasepsie gebruik word (sien afdeling 4.6). Die potensiaal vir menslike risiko gedurende swangerskap is onbekend maar kan nie uitgesluit word nie.
- Borsvoeding (sien afdeling 4.6).

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik

INNOFLAM kan neig tot kardiovaskulêre voorvalle, serebrovaskulêre voorvalle, gastroïntestinale voorvalle of kutaneuse reaksies wat noodlottig kan wees.

Veiligheid en effektiwiteit van **INNOFLAM** is nog nie vasgestel vir behandeling van meer as 12 weke in osteoartritis en 24 weke in rumatoïede artritis nie.
Kardiovaskulêre effekte
Verhoogde hoeveelheid van ernstige kardiovaskulêre (KV) voorvalle, hoofsaaklik miokardiale infarksie, is gerapporteer by pasiënte met sporadiese adenomateuse poliepe wat behandel was met selekoksib (soos in **INNOFLAM**) teen doserings van 200 mg twee keer per dag en 400 mg twee keer per dag, wanneer vergelyk met plasebo (sien afdeling 5.1).
Omdat die kardiovaskulêre risikos van **INNOFLAM**kan toeneem met dosering en tydperk van blootstelling, moet die kortste tydperk moontlik en die laagste effektiewe daaglikse dosis gebruik word. NSAIMs, insluitend COX-2 selektiewe inhibeerders, word geassosieer met verhoogde risiko van kardiovaskulêre en trombotiese ongunstige voorvalle wanneer langtermyn geneem word. Die presiese omvang van die risiko geassosieer met 'n enkel dosis is nog nie bepaal nie, sowel as die presiese tydperk van terapie geassosieer met verhoogde risiko. Die pasiënt se behoefte vir simptomatiese verligting en respons tot terapie moet weer periodiek ge-evalueer word, veral by pasiënte met osteoartritis (sien afdelings 4.2, 4.3, 4.8 en 5.1).
Versigtigheid word aanbeveel wanneer **INNOFLAM** voorgeskryf word by pasiënte met risiko faktore vir kardiovaskulêre voorvalle (bv. hipertensie, hiperlipidemie, diabetes mellitus, rook).
INNOFLAM is nie 'n substituut vir aspirien vir profilakse van kardiovaskulêre tromboëmboliese siekte nie, weens hul gebrek aan antiplaatjie effekte. Dus behoort antiplaatjie-terapie nie gestaak te word nie.
Anafilaktoïede reaksies
Soos gewoonlik met NSAIMs, het anafilaktoïede reaksies voorgekom by pasiënte wat blootgestel was aan **INNOFLAM** (sien afdeling 4.3).
Gastroïntestinale (GI) effekte
Boonste en onderste gastroïntestinale komplikasies (perforasies, ulkusse of bloedings (PUBs)), sommige wat noodlottig was, het voorgekom by pasiënte wat behandel was met selekoksib (soos in **INNOFLAM**). Versigtigheid word aanbeveel met behandeling van pasiënte wat die grootste risiko het om 'n gastroïntestinale komplikasie te ontwikkel met NSAIMs; by bejaardes, pasiënte wat enige ander NSAIM of antiplaatjie medisynes saam gebruik (soos aspirien) of glukukortikoïede, pasiënte wat alkohol gebruik, of pasiënte met 'n vorige geskiedenis van gastroïntestinale siekte, soos ulserasie en GI bloeding.
Wanneer **INNOFLAM** geneem word saam met aspirien (selfs teen laer doserings), is daar 'n verdere verhoging in die risiko van gastroïntestinale ongunstige effekte vir selekoksib (gastroïntestinale ulserasie of ander gastroïntestinale komplikasies). 'n Beduidende verskil in GI veiligheid tussen selektiewe COX-2 inhibeerders plus aspirien vs NSAIMs plus aspirien is nog nie gedemonstreer in langtermyn kliniese studies nie.
Meegaande gebruik met NSAIM
Die meegaande gebruik van **INNOFLAM** en 'n nie-aspirien NSAIM moet vermy word.
Vloeistofretensie en edeem
Vloeistofretensie en edeem is waargeneem by pasiënte wat selekoksib neem (soos in **INNOFLAM**). Dus behoort **INNOFLAM** versigtig gebruik te word by pasiënte met 'n geskiedenis van hartversaking, linker ventrikulêre disfunksie of hipertensie en by pasiënte met voorafbestaande edeem vir enige ander rede, omdat prostaglandien inhibisie tot gevolg kan hê in agteruitgang van nierfunksie en vloeistofretensie. Omsigtigheid is ook nodig by pasiënte op diuretiese behandeling of wat andersins 'n risiko het vir hipovolemie. Pasiënte met voorafbestaande kongestiewe hartversaking of hipertensie moet gemonitor word.
Hipertensie
NSAIMs, insluitend selekoksib (soos in **INNOFLAM** kan tot gevolg hê die begin van nuwe hipertensie of agteruitgang van bestaande hipertensie, beide wat kan bydra tot die verhoogde insidensie van kardiovaskulêre voorvalle. Dus behoort bloeddruk versigtig gemonitor te word gedurende die begin van terapie met **INNOFLAM** en regdeur behandeling.
Hepatiese en renale effekte
Gekompromitteerde renale of hepatiese funksie en veral kardiale disfunksie is meer algemeen by bejaardes en dus moet toepaslike mediese toesig volgehou word. NSAIMs, insluitend **INNOFLAM**, kan niertoksisiteit veroorsaak. Selekoksib het gewys om soortgelyke renale effekte te hê as die wat waargeneem word met vergelykende NSAIMs. Pasiënte met die grootste risiko vir renale toksisiteit is die met ingekorte renale funksie, hartversaking, lewerdisfunksie, die wat diuretika neem, angiotensien-omskakelings-ensiem (AOE)-inhibeerders, angiotensien II reseptor antagoniste, en by bejaardes (sien afdeling 4.5). Sulke pasiënte moet versigtig gemonitor word terwyl hulle behandeling ontvang met **INNOFLAM**.
Sommige gevalle van ernstige hepatiese reaksies, insluitende fulminante hepatitis (sommige met noodlottige gevolge), lewernekrose en lewerversaking (sommige met noodlotting gevolge of wat leweroorplanting benodig het), is gerapporteer met selekoksib (bevat in **INNOFLAM**). Tussen die gevalle wat tyd tot aanvang gerapporteer het, het die meeste van die ernstige ongunstige hepatiese voorvalle ontwikkel binne een maand na begin van selekoksib (bevat in **INNOFLAM**-behandeling) (sien afdeling 4.8). Indien gedurende behandeling 'n pasiënte agteruitgaan in enige van die orgaansisteemfunksies hierbo beskryf, moet toepaslike maatreëls geneem word en onttrekking van **INNOFLAM**-terapie moet oorweeg word. Omsigtigheid is nodig wanneer behandeling begin word by pasiënte wat gehidreer is. Dit word aanbeveel om eers die pasiënte te rehidreer en dan te begin met **INNOFLAM**-terapie
CYP2D6 inhibisie
Selekoksib inhibeer CYP2D6. Alhoewel dit nie 'n sterk inhibeer van hierdie ensiem is nie, kan 'n doseringsafname van **INNOFLAM** nodig wees vir individuele dosis-getitreerde medisynes wat gemetaboliseer word deur CYP2D6 (sien afdeling 4.5).
CYP2C9 swak metaboliseerders
Pasiënte wat geneig is om swak metaboliseerders te wees van CYP2C9 moet versigtig behandel word.
Vel- en sistemiese hipersensitiwiteitsreaksies
Ernstige velreaksies, sommige wat noodlottig was, insluitende eksfoliatiewe dermatitis, Stevens-Johnson sindroom en toksiese epidermale nekrolise, is baie selde gerapporteer in assosiasie met die gebruik van selekoksib (soos in **INNOFLAM**), sien afdeling 4.8.
Die grootste risiko vir pasiënte blyk om vroeg na begin van terapie te wees: die begin van die voorval kom voor in die meeste gevalle binne die eerste maand van behandeling.
Ernstige hipersensitiwiteitsreaksies (insluitend anafilakse, angio-edeem en medisyne-uitslag met esinofilie en sistemiese simptome (DRESS), of hipersensitiwiteit-sindroom), is gerapporteer by pasiënte wat selekoksib ontvang het (soos in **INNOFLAM**), sien afdeling 4.8.
Pasiënte met 'n geskiedenis van sulfonamiede allergie of enige medisyne allergie kan 'n groter risiko hê van ernstige velreaksies of hipersensitiwiteit (sien afdeling 4.3). **INNOFLAM** moet onttrek word by die eerste voorkoms van veluitslag, mukosale letsels, of enige ander teken van hipersensitiwiteit.
Medisyne Reaksie met Esinofilie en Sistemiese Simptome (DRESS) is gerapporteer by pasiënte wat NSAIMs geneem het, soos in **INNOFLAM**. Sommige van hierdie voorvalle was noodlottig of lewensgevaarlik. DRESS tipies, alhoewel nie eksklusief nie, presenteer met koors, uitslag, limfadenopatie, en/of opswel van gesig. Ander kliniese manifestasies kan insluit hepatitis, nefritis, hematologiese abnormaliteite, miokarditis, of miositis. Soms kan simptome van DRESS ooreenstem met akute virale infeksie. Esinofilie is dikwels teenwoordig. Omdat hierdie afwyking veranderlik kan wees in sy voordoening, kan orgaan-sisteme nie opgemerk word om betrokke te wees nie. Dit is belangrik om op te merk dat vroeë manifestasies van hipersensitiwiteit, soos koors of limfadenopatie, teenwoordig kan wees, selfs al was uitslag nie duidelik nie. Indien sulke tekens of simptome teenwoordig is, staak **INNOFLAM** en evalueer die pasiënt onmiddellik.
Algemeen
INNOFLAM kan koors en ander tekens van inflammasie maskeer.
Gebruik met orale antikoagulante
By pasiënte op meegaande terapie met warfarien, is ernstige bloedingvoorvalle, waarvan sommige noodlottig was, gerapporteer (sien afdelings 4.8 en 4.5). Omdat toenames in protrombientyd (INR) gerapporteer is, moet antikoagulant aktiwiteit versigtig gemonitor word by pasiënte wat warfarien/kumarien-tipe orale antikoagulante ontv terapie met **INNOFLAM** begin word, of sy dosering verander word (sien 4.5). Meegaande gebruik van antikoagulante met NSAIMs kan die risiko van bloeding laat toeneem. Omsigtigheid is nodig wanneer **INNOFLAM** met warfarien gekombineer word of ander orale antikoagulante, insluitend nuwe antikoagulante (bv. apiksaban, dabigatran, en rivaroksaban).
Eksipiënte
INNOFLAM100 mg en 200 mg kapsules bevat laktose monohidraat (sien afdelings 2 en 6.1). Pasiënte met rare oorerflike probleme van galaktose intoleransie, totale laktase tekort of glukose/galaktose wanabsorpsie moet nie **INNOFLAM** gebruik nie.

4.5 Interaksie met ander medisynes en ander vorms van interaksie
Farmakodinamiese interaksies
Antikoagulante
By pasiënte op meegaande terapie met warfarien, was verhogings in protrombientyd (INR) gerapporteer (sien afdeling 4.4).
Antikoagulant aktiwiteit moet gemonitor word, veral na die eerste paar dae van begin of verandering van die dosering van **INNOFLAM** in pasiënte wat warfarien ontvang of ander antikoagulate, omdat hierdie pasiënte 'n verhoogde risiko het van bloedingskomplikasies. Dus moet pasiënte wat orale antikoagulante ontvang versigtig gemonitor word vir hulle protrombientyd INR, veral aan die begin vir die eerste paar dae wanneer terapie met **INNOFLAM** begin word of die dosering verander word (sien afdeling 4.4). Bloedingsvoorvalle in assosiasie met verhogings in protrombientyd (INR) is gerapporteer, hoofsaaklik by bejaardes, by pasiënte wat selekoksib (soos in **INNOFLAM**) ontvang het saam met warfarien, waarvan sommige noodlottig.
NSAIMs, insluitend **INNOFLAM**, kan die effek van antihipertensiewe medisynes verminder (insluitend AOE-inhibeerders, angiotensien II reseptor antagoniste, diuretika en beta-blokkers). Hierdie interaksie behoort oorweeg te word by pasiënte wat **INNOFLAM** gebruik saam met antihipertensiewe medisynes.
Soos met NSAIMs, kan die risiko van akute nierontoereikendheid, wat gewoonlik omkeerbaar is, toeneem by sommige pasiënte met gekompromitteerde nierfunksie (bv. gehidreerde pasiënte, pasiënte op diuretiese middels of bejaarde pasiënte) wanneer AOE-inhibeerders of angiotensien II reseptor antagoniste, en/of diuretiese middels gekombineer word met NSAIMs, insluitend **INNOFLAM** (sien afdeling 4.4). Dus moet die kombinasie versigtig toegedien word, veral by bejaardes. Pasiënte moet voldoende gehidreer word en oorweging moet geskenk word aan monitering van renale funksie na begin van meegaande terapie, en periodiek daarna.
In kliniese tiasied studies, sowel as na bemarking waarnemings, het gewys dat NSAIMs die natriuretiese effek kan laat afneem van furosemied en tiasied by sommige pasiënte. Hierdie respons was toegeskryf aan inhibisie van renale prostaglandien sintese.
Siklosporien en takrolimus
Meegaande toediening van NSAIMs (insluitende **INNOFLAM**) en siklosporien of takrolimus kan die nefrotoksiese effek van siklosporien of takrolimus kan toeneem, respektiewelik. Nierfunksie moet gemonitor word wanneer **INNOFLAM** en enige van hierdie medisynes gekombineer word.
Aspirien
INNOFLAM kan gebruik word met lae-dosis aspirien. Nogtans kan meegaande toediening van aspirien **INNOFLAM** kan tot gevolg hê in 'n verhoogde ratio van GI ulserasie of ander komplikasies, wanneer vergelyk word met gebruik van **INNOFLAM** alleen. Weens sy gebrek van plaatjie effekte, is **INNOFLAM** nie 'n substituut vir aspirien vir kardiovaskulêre profilakse nie.
Daar is geen konsekwente bewys dat meegaande gebruik van aspirien die verhoogde risiko van ernstige kardiovaskulêre trombotiese voorvalle geassosieer met **INNOFLAM** verlig. 'n Verhoogde risiko van gastroïntestinale ulserasie of ander gastroïntestinale komplikasies wanneer vergelyk met gebruik van **INNOFLAM** alleen, word gewys met meegaande toediening van lae-dosis aspirien.
Farmakokinetiese interaksies
*Effekte van **INNOFLAM** op ander medisynes*
CYP2D6 inhibisie
Selekoksib is 'n inhibeerder van CYP2D6. Die plasma-konsentrasies van medisynes wat substrate is van hierdie ensiem kan toeneem wanneer **INNOFLAM** saam gebruik word. Voorbeelde van medisynes wat gemetaboliseer word deur CYP2D6 is antidepressante (trisiklies en SSRIs), neuroleptika, antidisritmiese medisynes, ens. Die dosering van individuele dosis-getitreerde CYP2D6 substrate kan verlaging benodig wanneer behandeling met **INNOFLAM** begin of verhoog word, indien behandeling met **INNOFLAM** gestaak word.
Meegaande toediening van selekoksib van 200 mg twee keer per dag het tot gevolg gehad in 2,6-voudige en 1,5-voudige toenames in plasmakonsentrasies van dekstrometorfan en metoprolol (CYP2D6 substrate), respektewielik CYP2D6 inhibisie van die CYP2D6 substrate metabolisme.
CYP2C19 inhibisie
In vitro studies het sekere potensiaal gewys vir selekoksib om CYP2C10 gekataliseerde metabolisme te inhibeer. Die kliniese betekenis van hierdie in vitro bevinding is nie bekend nie. Voorbeelde van medisynes wat gemetaboliseer word deur CYP2C19 is diasepam, sitalopram en imipramien.
Metotreksaat
By pasiënte met rumatoïede artritis het selekoksib geen statisties beduidende effek gehad op die farmakokinetika nie (plasma of renale opruiming) van metotreksaat (in rumatologiese doserings). Nogtans behoort voldoende monitering vir metotreksaat-verwante toksisiteit oorweeg te word wanneer hierdie twee medisynes gekombineer word.
Litium
By gesonde persone, het die meegaande toediening van selekoksib 200 mg twee keer per dag met 450 mg twee dag van litium tot gevolg gehad in 'n gemiddelde toename in Cmaks van 16 % en in area onder die kurwe (AOK) van 18 % of litium. Dus behoort pasiënte op litium-behandeling omsigtig gemonitor te word wanneer **INNOFLAM** begin of onttrek word.
Orale kontraseptiewe middels
In 'n interaksie studie, het selekoksib geen klinies relevante effekte op die farmakokinetika gehad van orale kontraseptiewe middels nie (1 mg noretisteroon/ 35 mikrogram etinielestradiol).
Glibenklamied/tolbutamied
Selekoksib beïnvloed nie die farmakokinetika van tolbutamied (CYP2C9 substrate), of glibenklamied tot 'n klinies relevante omvang nie.
Fenitoïen
In spesifieke studies in gesonde vrywilligers met ander medisynes gemetaboliseer deur CYP2C9, was gevind dat selekoksib geen klinies beduidende farmakokinetiese interaksie met fenitoïen het nie.
*Effekte van ander medisynes op **INNOFLAM***
CYP2C9 swak metaboliseerders
In individue wat swak metaboliseerders is van CYP2C9 en verhoogde sistemiese blootstelling wys vir selekoksib, kan meegaande toediening met CYP2C9 inhibeerders soos flukonasool tot gevolg hê in verdere verhogings in selekoksib blootstelling. Sulke kombinasies moet vermy word in bekende swak metaboliseerders van CYP2C9 (sien afdeling 4.4).
CYP2C9 inhibeerders en induseerders
Omdat selekoksib hoofsaaklik gemetaboliseer word deur CYP2C9, moet INNOFLAM gebruik word teen die helfte van die aanbevole dosering by pasiënte wat flukonasool ontvang. Meegaande gebruik van 200 mg enkel dosis selekoksib en 200 mg een keer per dag flukonasool, 'n potente CYP2C9 inhibeerder, het tot gevolg gehad in 'n gemiddelde toename in selekoksib Cmaks van 60 % en in AOK van 130 %. Meegaande gebruik van induseerders van CYP2C9 soos rifampisien, karbamasepien en barbiturate kan insluit afname in plasma-konsentrasies van selekoksib.
Ketokonasool en teensuurmiddels
Daar is nie enige effekte waargeneem dat ketokonasool of teensuurmiddels die farmakokinetika van selekoksib beïnvloed nie.
Pediatriese bevolking
Interaksie studies is slegs gedoen by volwassenes.

4.6 Fertiliteit, swangerskap en laktasie
Swangerskap
INNOFLAM word teenaangedui gedurende swangerskap (sien afdeling 4.3)
INNOFLAM kan uteriene inertia en premature sluiting veroorsaak van die ductus arteriosus en moet vermy word gedurende swangerskap.
Gereëlde gebruik van nie-steroïede inflammatoriese medisynes kan tot gevolg hê in:
Eerste trimester
Inhibisie van prostaglandien sintese kan swangerskap en/of die embrio/fetale ontwikkeling ongunstig beïnvloed. Data van epidemiologiese studies gee kommer omtrent 'n verhoogde risiko en/of kardiale misvorming en gastroschisis na gebruik van 'n prostaglandien sintese inhibeerder gedurende vroeë swangerskap. Die absolute risiko vir kardiovaskulêre, tot ongeveer 1,5 %. In diere, was daar gewys dat toediening van 'n prostaglandien sintese inhibeerder tot gevolg gehad het in pre- en postinplanting verlies en embrio-fetale dood. Addisioneel is verhoogde insidente van verskillende misvormings insluitend kardiovaskulêre, is gerapporteer by diere na die toedien van 'n prostaglandien sintese inhibeerder gedurende die organogenetiese periode.
Tweede en Derde trimester.
Gedurende die derde trimester van swangerskap, kan prostaglandien sintese inhibeerders die fetus blootstel aan: kardiopulmonêre toksisiteit (met premature sluiting van die ductus arteriosus en pulmonêre hipertensie); renale disfunksie, wat kan voortgaan tot nierversaking met oligo-hidro-amniose.
Aan die einde van swangerskap, kan die moeder en die neonaat blootgestel word aan: moontlike verlenging van bloedingstyd, kan 'n anti-aggregasie effek voorkom teen baie lae doserings; inhibisie van uteriene kontraksies wat tot gevolg het in vertraagde of verlengde baring.
Die gebruik van **INNOFLAM** moet beperk word tot die laagste effektiewe dosis vir die kortste tydperk, indien nodig gevind word deur 'n gesondheidsorgpersoon. (Sien afdelings 4.3 en 4.4)
Borsvoeding
Beperkte data dui daarop dat **INNOFLAM** uitgeskei word in borsmelk en moet dus nie gebruik word gedurende laktasie nie.
Fertiliteit
Gebaseer op die werkingsmeganisme kan die gebruik van NSAIMs, insluitend **INNOFLAM**, die ruptuur verhoed van ovarium follikels vertraag of voorkom, wat geassosieer was met omkeerbare infertiliteit in sommige vrouens.

4.7 Effekte op vermoë om te bestuur en gebruik van masjiene
Pasiënte wat duiseligheid, vertigo of lomerigheid ondervind (sien afdeling 4.8) terwyl **INNOFLAM** gebruik word, moet nie bestuur of masjinerie hanteer nie.

4.8 Ongewenste effekte
Tabel van ongunstige reaksies
Infeksies en infestasies:
Dikwels: Sinusitis, boonste lugweginfeksie, faringitis, urienweginfeksie, brongitis
Minder dikwels: Helicobacter infeksie, herpes zoster, erisipelas, brongopneumonie, labirintitis, tandvleis-infeksie
Bloed- en die limfatiese stelselafwykings
Minder dikwels: Anemie, leukopenie, trombositopenie, pansitopenie, agranulositose, eggimose
Immuunstelselafwyking:
Dikwels: Hipersensitiwiteit, allergie agteruitgang
Minder dikwels: Anafilaktiese skok, anafilaktiese reaksie, angio-edeem
Frekwensie onbekend: Anafilakse
Metabolisme en voedingsafwykings:
Dikwels: Massatoename
Minder dikwels: Hiperkalemie, toename in bloed-natrium
Psigiatriese afwykings:
Dikwels: Insomnie
Minder dikwels: Angstigheid, depressie, uitputting, verwarring, hallusinasies
Senuweestelselafwykings:
Dikwels: Duiseligheid, hipertonie, hoofpyn
Frekwensie onbekend: Serebrale infark (beroerte), parestesie, lomerigheid, ataksie, disgeusie, intrakraniale hemoragie (insluitend noodlottige aseptiese meningitis, epilepsie (insluitend verergering van epilepsie), ageusie, anosmie
Oogafwykings:
Minder dikwels: Dowwe visie, konjunktivis, oog-hemoragie, retinale arteriële okklusie, retinale aar-okklusie, vitreuse drywers, hemoragie, konjunktivale hemoragie
Oor- en labirintafwykings
Minder dikwels: Tinnitus, hipo-akusis, disfoni
Kardiale afwykings:
Dikwels: Miokardiale infarksie, angina pectoris
Minder dikwels: Hartversaking, hartklopping, tagikardie, disritmie Frekwensie onbekend: Kardiovaskulêre trombotiese voorvalle
Vaskulêre afwykings:
Dikwels: Hipertensie (insluitend agteruitgang van hipertensie)
Minder dikwels: Pulmonêre embolisme, blosing, vaskulitis, diep-aar trombose
Respiratoriese, torakale en mediastinale afwykings
Dikwels: Rinitis, hoes, dispnee
Minder dikwels: Brongospasma, pneumonitis
Gastroïntestinale siektes:
Dikwels: Naarheid, abdominale pyn, diarree, dispepsie, winderigheid, braking, disfagie, prikkelbare dermsindroom, tandafwyking
Minder dikwels: Hardlywigheid, gastritis, stomatitis, gastroïntestinale inflammasie (insluitend agteruitgang van gastroïntestinale inflammasie), eruktasie, gastroïntestinale hemoragie, duodenale ulkus, gastriese ulkus, esofageale ulkus, intestinale ulkus, groot intestinale ulkus, intestinale perforasie, esofagitis, melena, pankreatitis, kolitis, hemoroïede hemoragie, dikwelse ontlasting, mond-ulserasi
Hepatobiliêre afwykings:
Minder dikwels: Abnormale hepatiese funksie, verhoogde hepatiese ensieme (insluitend verhoogde AST en ALT), hepatitis, hepatiese versaking (soms noodlottig of wat leweroorplanting benodig), fulminante hepatitis (soms noodlottig), hepatiese nekrose, chlosetase, chlostatiese geelsug
Vel- en subkutaneuse weefselafwykings
Dikwels: Uitslag, pruritus (insluitend algemene pruritus)
Minder dikwels: Urtikarie, eggimose, alopesie, fotosensitiwiteit, eksfoliatiewe dermatitis, erythema multiforme, Stevens-Johnson sindroom, toksiese epidermale nekrolise, medisyne uitslag met esinofilie en sistemiese simptome (DRESS), akute algemene eksantematease pustulose (AGEP), bulleuse dermatitis, lipoma, allergiese dermatitis, ganglion
Muskuloskeletale en bindweefselafwykings:
Dikwels: Artralgie
Minder dikwels: Spierspasma (beenkrampe), miositis, onderste ledemaat fraktuur
Renale en urienwegafwykings:
Minder dikwels: Verhoogde bloedkreatinien, verhoogde bloedureum, akute nierversaking, hiponatremie, tubuloïnterstisiele nefritis, nefrotiese sindroom, glomerulonefritis minimale letsel, nefrolitiase, nokturie
Reproduktiewe sisteem en borsafwykings:
Minder dikwels: Menstruele afwyking
Frekwensie onbekend: Vroulike infertiliteit (vroulike fertiliteit afname), vaginale hemoragie, borsteerheid
Algemene afwykings en toediening situs toestande:
Dikwels: Griepagtige siekte, perifêre edeem/vloeistof retensie
Minder dikwels: Gesigsedeem, borspyn
Besering, vergifting en prosedure komplikasies afwykings
Dikwels: Toevallige besering
Beskrywing van geselekteerde ongunstige reaksies:
In finale data (beoordeel) van die APC en PreSAP studies in pasiënte wat behandel was met selekoksib 400 mg per dag vir tot 3 jaar (gepoelde data van beide studies), was die oormaat ratio oor plasebo vir miokardiale infarksie 7,6 voorvalle per 1 000 pasiënte (minder dikwels) en daar was geen oormaat ratio for beroerte (tipes nie onderskei) oor plasebo nie.
Medisyne Reaksie met Esinofillie en Sistemiese Simptome (DRESS) [sien afdeling 4.4].
Rapporteer van vermoedelike ongunstige reaksies
Rapporteer van vermoedelike ongunstige reaksies na goedkeuring van die medisyne is belangrik. Dit laat toe vir volgehoue monitering van die voordeel/risiko balans van die medisyne. Gesondheidsvoorsieners word gevra om enige vermoedelike ongunstige reaksies te rapporteer aan SAHPRA via die "**6.04 Adverse Drug Reactions Reporting Form**", wat aanlyn gevind word onder SAHPRA se publikasies: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8

4.9 Oordosering
Daar is geen kliniese ondervinding van oordosering nie. Enkel dosisse van tot 1 200 mg en veelvuldige doserings van tot 1 200 mg twee keer per dag was toegedien aan gesonde persone sonder beduidende klinies ongunstige effekte. Ingeval van 'n vermoedelike oordosering moet toepaslike ondersteunende mediese sorge voorsien word. Dialise is onwaarskynlik om 'n effektiewe metode te wees vir medisyne verwydering.

5.FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE
5.1 Farmakodinamiese eienskappe
Kategorie A, klas 3.1 Antirumatiek (anti-inflammatoriese middels)
Farmakoterapeutiese groep: Nie-steroïed anti-inflammatoriese en antirumatiek medisynes, NSAIMs, Coxibs, ATC kode: M01AH01.
Selekoksib is 'n spesifieke siklo-oksigenase-2 (COX-2) inhibeerder (SCI)
Siklo-oksigenase-2 word geïnduseer in respons tot inflammatoriese prikkeling. Dit het tot gevolg dat die sintese en akkumulasie van inflammatoriese prostanoïede, veral prostaglandien E2, inflammasie, edeem en pyn veroorsaak.
Selekoksib werk as 'n anti-inflammatoriese, analgetiese en antipiretiese medisyne deur blokkeer van die produksie van inflammatoriese prostanoïede via COX-2 inhibisie. Selekoksib het 'n baie lae affiniteit vir die samestellende uitgedrukte siklo-oksigenase -1 ensiem (COX-1).

5.2 Farmakokinetiese eienskappe
Absorpsie
Wanneer toegedien word onder vastende toestande bereik selekoksib piek plasmakonsentrasie toestande na ongeveer 2-3 uur. Selekoksib wys lineêr en dosis-proporsionele farmakokinetika oor die terapeutiese doseringsvorm.
Plasmaproteïen-binding is konsentrasie onafhanklik en is ongeveer 97 % by terapeutiese plasmakonsentrasies en die medisyne is nie hoofsaaklik gebonde tot eritrosiete in die bloed nie.
Neem van 'n dosis met voedsel ('n hoë vet maaltyd) vertraag absorpsie, wat tot gevolg het in 'n T_{maks} van ongeveer 4 uur en verhoog biobeskikbaarheid met ongeveer 20 %.
Biotransformasie
Selekoksib word gemetaboliseer in die lewer deur hidroksilasie, oksidasie en sekere glukuronidasie. Dit was gedemonstreer dat selekoksib hoofsaaklik gemetaboliseer word deur sitochroom P450 CYP2C9. Farmakologiese aktiwiteit is in die moedersamestelling. Die hoof metaboliete wat gevind word in die sirkulasie het geen waarneembare COX-1 of COX-2 inhiberende aktiwiteit nie.
Eliminasie
Selekoksib word meestal uitgeskei deur hepatiese metabolisme met minder as 1 % van die dosis onveranderd uitgeskei in uriene.
Na veelvuldige dosering is die eliminasie halfleeftyd 8-12 uur en die tempo van opruiming ongeveer 500 mL/min. Met veelvuldige dosering word vaste vlak plasma-konsentrasies bereik voor dag 5.
Veranderlikheid tussen pasiënte op die hoof farmakokinetiese parameters (AOK, Cmaks, eliminasie halfleef) is ongeveer 30 %. Die gemiddelde vaste vlak volume van distribusie is ongeveer 500 L/70 kg in jong gesonde volwassenes na 'n enkel 200 mg dosis, wat dui op wye verspreiding van selekoksib in die weefsels. Voorkliniese studies dui daarop dat selekoksib die bloed/breinskans kruis.
Spesiale bevolkings
Hepatiese inkorting
Plasma-konsentrasies van selekoksib by pasiënte met ligte hepatiese inkorting is nie beduidend verskillend van die met ouderdom- en geslagsvergelykende kontrole nie. By pasiënte met matige hepatiese selekoksib plasma-konsentrasies is ongeveer twee keer die van vergelykende kontrole. Pasiënte met ernstige hepatiese inkorting is nog nie bestudeer nie, maar dit kan verwag word om akkumulasie te wys van die moedersubstans, want die hoof roete van metabolisme is via die lewer.
Renale inkorting
In bejaarde vrywilligers met ouderdom-verwante afnames in glomerulêre filtrasie tempo (GFR) (gemiddelde GFR > 65 mL/min per 1,73 m2) en by pasiënte met chronies stabiele renale ontoereikendheid (GFR 35 - 60 mL/min per 1,73 m2) was selekoksib farmakokinetika vergelykbaar aan die wat gesien was by pasiënte met normale nierfunksie. Geen beduidende verwantskap was gevind tussen serum-kreatinien (of kreatinien-opruiming) en selekoksib-opruiming nie.
Renale effekte
Die relatiewe rolle van COX-1 en COX-2 in renale fisiologie is nie duidelik nie. **I**selekoksib verminder die urinêre ekskresie van PGE2 en 6-keto-PGF1µ ('n prostasiklien metaboliet) maar laat serum-tromboksaan B2 (TXB2) en urinêre ekskresie van 11-dehidro-TXB2, 'n tromboksaan metaboliet (beide COX-1 produkte) ongeaffekteer. Spesifieke studies het gewys dat selekoksib geen afname veroorsaak in GFR by bejaardes of die met chroniese nierontoereikendheid nie. Hierdie studies het ook kortstondige afnames in fraksionele ekskresie van natrium gewys.
Bejaarde pasiënte van 65 jaar en ouer
In die bevolking > 65 jaar is daar 'n tweevoudige toename in gemiddelde Cmaks en AOK vir selekoksib. Dit is 'n gewigsverwante eerder as ouderdomsverwante verandering. Selekoksib-vlakke is hoër in laer massa individue en dus in die bejaarde bevolking, wat gewoonlik 'n laer gemiddelde massa het as die jonger bevolking. Bejaarde vrouens neig dus om effense hoër selekoksib plasmakonsentrasies te hê as mans.
Kinders
Selekoksib is nog nie bestudeer by pasiënte van jonder as 18 jaar oud nie.

6. FARMASEUTIESE BESONDERHEDE
6.1 Lys van eksipiënte
INNOFLAM 100 EN 200 Kroskarmellose natrium, FD & C blou # 2 aluminum lake, gelatien, laktose monohidraat, magnesiumstearaat, povidoon, gesuiwerde water, shellac, natriumlourielsulfaat, titaniumdioksied E 171, geel ysteroksied

6.2 Onverenigbaarhede
Geen

6.3 Rakleeftyd
36 maande vanaf datum van vervaardiging.

6.4 Spesiale Voorsorgmaatreëls vir berging
Berg by of benede 30 °C in oorspronklike houer om te beskerm teen vog.

6.5 Aard en inhoud van houer
INNOFLAM 100 en 200 is beskikbaar in
- (10's, 20's, 30's & 60's) stolpe van aluminumfoelie & CFB foelie in een karton. In pakgroottes van meervoude van 10 kapsules per stolp.
- (10's, 20's, 30's & 60's) stolpe van aluminumfoelie & deursigtige PVC/PE/PVDC film in een karton. In pakgroottes in veelvoude van 10 kapsules per stolp.

6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir weggooi en ander hantering
Enige medisyne of afvalmateriaal moet weggegooi word volgens plaaslike vereistes.

7. HOUER VAN SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE
Innovata Pharmaceuticals (EDMS) Bpk
Crownwood Kantoorpark, Blok D
Northern Parkway 100
Ormonde, Johannesburg, 2091,
Suid-Afrka

VERVAARDIGER:
Alembic Pharmaceuticals Limited
(Formulation Division)
Village Panelav, P.O. Tajpura,
Near Baska, Taluka-Halol, District-Panchmahal,
Gujarat- 389350, India

8. REGISTRASIENOMMERS
South Africa:
INNOFLAM 100: A 51/3.1/0722
INNOFLAM 200: A 51/3.1/0723
Zimbabwe: PP
INNOFLAM 100: 2021/3.1/6167
INNOFLAM 200: 2021/3.1/6168
Botswana: S2
INNOFLAM 100: BOT1803546
INNOFLAM 200: BOT1803547

9. DATUM VAN EERSTE GOEDKEURING/HERNUWING VAN DIE GOEDKEURING
28 September 2021

10. DATUM VAN REVISIE VAN DIE TEKS

03-03-2022

520 mm

400 mm
Back Side

Type: Pack Insert
Size: 400 x 520 mm